Ontmoeting 6

Job, God, die seekoei en die krokodil

Kinders besef dat God werklik vir hulle omgee

Teks: Job 40 en 41

Hulpmiddels:

- Dierename of –prentjies op papiertjies
- Kombinasies van 3 dierename op papiertjies vir elke groep
- "Memory" of "Snap" dierekaarte
- Die vrae in "Woord" uitgedruk om opgeplak te word
- 1 wasgoedpennetjie
- 1 klein stukkie groen karton
- 2 wikkelogies
- 1 groen pypskoonmaker
- Groen verf
- Skêr en gom

Welkom

Raai watter dier is ek: (Hierdie speletjie werk beter met 'n groter groep en benodig min voorbereiding.) Skryf dierename op kaartjies sodat daar 4 van elke naam is. Deel die kaartjies uit. Niemand mag sê wat op hul kaartjies staan nie. Hulle mag net soos die dier loop of geluide maak totdat al die verskillende diere hul families gevind het. Moenie 'n seekoei of krokodil gebruik nie.

Monsterdiere: (Speel in groepe; geen voorbereiding is nodig nie.) Verdeel in groepe. Elke groep kry 3 dierename wat hulle moet saamvoeg tot een dier wat hulle dan as groep moet uitbeeld, bv. volstruis, walvis en leeu. Die ander kan dan raai watter "monsterdier" dit is.

"Snap" of 'n geheuespeletjie: (Speel in groepe, geen voorbereiding nie.) Speel "snap" of 'n geheuespeletjie met dierekaarte of –name.

Wyding

Stilword–ritueel: Gebruik die "snap"–kaarte of prente van diere uit tydskrifte om oor te dink of om te verbind aan eienskappe van God. Gebruik lam, leeu, bok, arend, olifant, hen en duif.

Sing 'n lied en doen die stilword–ritueel. Sê die volgende saam met die leier: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

Job het lank gelede gelewe. In die Ou Testament word daar van hom vertel. Dit het baie sleg gegaan met Job. Sy familie is dood. Al die diere op sy plaas is dood. Hy het self ook siek geword. Ai, dit was regtig baie swaar. Job het baie vrae gehad.

(Laat verskillende kinders die vrae kom op plak.)

- Hoekom gebeur daar slegte dinge met my?
- Hoekom is alles so swaar?
- Waar is God?
- Gee God vir my om?
- Kan God my help?
- Is God lief vir my?

God herinner Job wie Hy is deur te vertel van 2 snaakse diere wat Hy gemaak het.
Die eerste snaakse dier woon in die water en word só beskryf: (Job 40: 10 – 19 aangepas uit "Die Bybel@kinders.co.za en 1983-vertaling)
Hy vreet gras soos ŉ bees en hy is baie sterk. Die spiere in sy lyf is sterk. Hy het sterk bene wat soos koperpale lyk. Dit lyk of hy van yster gemaak is. Hy is een van die sterkste diere wat God gemaak het. Net God kan hom beheer. Hy gaan eet tussen die berge. Hy lê onder die waterplante, hy kruip weg tussen die riete in die vlei. Hy skrik nie as die rivier afkom of vol word nie. Niemand kan sommer na hom toe loop en hom vang nie. Jy kan nie ŉ ring deur sy neus sit soos met ŉ bees nie.
Wie kan raai watter snaakse dier is dit...? ŉ Seekoei!
Die tweede snaakse dier woon ook in die water. (Job 40: 20 – 28 en Job 41:1 – 23 aangepas uit "Die Bybel@kinders.co.za en 1983-vertaling)
"Jy kan nie hierdie dier soos ŉ vis met ŉ hoek vang nie. Jy kan ook nie sy bek toebind met ŉ tou nie. Hy sal jou nie mooi vra om hom nie seer te maak nie. Jy kan hom nie vir jou laat werk nie. Hy sal nooit so mak soos ŉ voëltjie word en met jou dogtertjies speel nie. Vissermanne kan hom nie opsny en verkoop nie. Jy kan nie ŉ spies deur sy vel steek nie. As jy aan hom probeer vat, sal jy dit nooit weer doen nie en jy sal die geveg nie gou vergeet nie. As ŉ mens hom net sien, is jy al klaar bang.
Niemand kan sy kakebene oopmaak nie; almal is bang vir sy tande. Op sy rug is daar skubbe, hulle lê styf teen mekaar. Nie eers lug kan tussen hulle deurkom nie. As hy nies, spat daar vonke. Sy oë gloei soos die son wat opkom. Hy blaas vuur uit sy mond. Sy neusgate rook. Sy nek is dik en sterk, ŉ mens word bang as jy na hom kyk. Sy vleis is so taai, jy kan dit nie afkry nie. Sy hart is hard soos ŉ klip. As hy opstaan, word die sterkste mens bang. ŉ Mens kan hom nie aanval met ŉ swaard of spies of enigiets nie. Hy breek yster soos droë gras. Hy breek koper soos vrot hout. Hy skrik nie vir pyle of klippe wat mense gooi nie. Kieries doen niks aan hom nie. Sy onderste skubbe is skerp. Dit krap vore in die modder. Hy laat die water kook as hy draai. Hy maak ŉ blink streep as hy swem. Hy laat die water skuim. Daar is geen dier so sterk soos hy nie. Hy is baas van al die roofdiere."
Raai raai watter snaakse dier is dit...? ŉ Krokodil!

God herinner Job hoe sterk en groot hierdie 2 diere is. Hoekom vertel hy dit vir Job? God troos vir Job dat Hy wat God is, nóg groter en nóg sterker is as die krokodil en die seekoei, want Hy het daardie diere gemaak. Hy is die sterk en groot Skepper wat alles weet. En al voel Job klein, behoort hy aan God. En al verstaan Job nie alles nie, en al het hy nie al die antwoorde op sy vrae nie, belowe God dat Hy alles weet en Hy verstaan hoe Job voel. Hy hou alles in Sy hand. God belowe... "alles op aarde behoort aan My!" (Job 41:2b) Ook Job behoort aan Hom en God hou hom styf vas. God sal hom help met sy probleme en vir hom sorg.
Elke keer as Job dink aan hierdie twee diere – die krokodil en seekoei – moet Hy onthou hoe sterk en groot God is. God is groter en sterker as die krokodil en seekoei. Daarom kan ons op God vertrou. Hy sal sorg.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder watter dier sou jy graag wou wees – ŉ krokodil of ŉ seekoei.
2. Ek wonder wat Job gedink het toe God vir hom die storie van die krokodil en seekoei vertel.
3. Ek wonder of jy ook al van Job se vrae gevra het.
4. Ek wonder hoe jy voel as jy onthou dat God sterker en groter is as die krokodil en die seekoei.

Werskaf

- Seekoei uit papierborde
- Krokodil uit wasgoedpennetjie (Gebruik die foto's as inspirasie.)



Instruksies om papierbord-seekoei te maak:
Teken die kop en die bek oor op papierborde en knip uit op die buitelyne. Vou die bek dubbeld en plak dit op die kop vas. Gebruik die insetsel onder om te sien waar die neusgate aan die buitekant van die bek geteken moet word. Knip 4 tande uit (patroon onder). Rol dit op, plak die kort sye aan mekaar vas en vou die los flappie agtertoe om in die bek vas te plak.
Gebruik die foto's om te sien hoe die seekoei moet lyk.

Sluit af met die seënbede

Patroon vir tand